



BioCarb-K

Reg. Nr. L11339, Wet Nr. 36 van 1947

Biorasionale Gewasbeskerming



Andermatt
Madumbi



BioCarb-K

Reg. Nr. L11339, Wet Nr. 36 of 1947

'n Biologiese swamdoder vir die onderdrukking van *Botrytis* en Poeieragtige Skimmel op Tafel- en Wyndruiwe, asook Poeieragtige Skimmel op Pampoengewasse. Ideaal in GPB-, geen residu- en weerstand- bestuursprogramme.

Hoekom *BioCarb-K* gebruik?

Kenmerke	Voordele
Breëspektrum swamdoder wat kaliumbikarbonaat bevat.	Goed nagevorste produk van hoë gehalte wat betroubare resultate lewer.
Geen maksimum residuvlakke (MRV).	Help produsente om aan die vereistes van uitvoermarkte te voldoen in terme van minimale tot geen residu-bestuursprogramme.
Suiwer kaliumbikarbonaat (99% - 100%) met geen byvoegmiddels nie.	Voedselgraad-kwaliteit aktief verminder potensiële meng- en toedieningsrisiko's (bv. verenigbaarheid en fitotoksiteit).
Aktiewe bestanddeel beskikbaar op die GRAS (<i>Generally Recognised as Safe</i>) lys.	Die aktiewe bestanddeel – kaliumbikarbonaat – het geen karsinogeniese aktiwiteit nie, en is nie skadelik vir mense, voordelige insekte of die omgewing nie.
Swamdoder met 'n veelvuldige werkingswyse.	Verhoog die pH van die oppervlak wat ongunstige toestande vir patoëeninfeksie veroorsaak.
Mineraalgebaseerde aktiewe bestanddeel.	Geen verkoeling nodig nie.


Werkingswyse:

BioCarb-K is 'n kontak swamdoder wat swampatogene op beide voorkomende en genesende maniere onderdruk.

1. Dit verhoog die pH van die omgewing waar die swam besmet van 8.2 tot 8.4. Dit inhibeer swamgroei en infeksie.
2. Dit het 'n impak op osmotiese druk wat veroorsaak dat vatbare swampatogeenhifes en spore dehidreer en uitdroog.
3. Kalium versteur swampatogeen selwandbalans, wat spoor- en hife-oorewing en infektiwiteit beïnvloed.



Poeieragtige skimmel op murgpampoentjies.




Onbehandelde *Botrytis* op druiwe.

1. BioCarb-K bestuur van Poeieragtige Skimmel op Druive

Kultivar: *Crimson Seedless*.
Ligging: Paarl, Wes-Kaap.
Toedienings: Weeklikse toedienings, begin wanneer jong vruggies swel en blom oorblyfsels af is (BBCH 71).
Evaluasie: 14 dae na 7^{de} toediening.
Chemiese standaard: Swael- en penkonasool-program.

BioCarb-K het net so goed presteer as die geregistreerde Double Nickel® 55 en die alternatiewe kaliumbikarbonaat-produkte teen die geregistreerde dosis.




Die doeltreffendheid van BioCarb-K teen verskeie dosisse, in vergelyking met biologiese, minerale en chemiese standaarde teen Poeieragtige Skimmel ernstigheidsgraad op druiewetrosse, uitgedruk as die gekorrigeerde vlak van effektiwiteit in vergelyking met die onbehandelde kontrole.

2. BioCarb-K bestuur van Botrytis op Druive

Kultivar: Sultana.
Ligging: Piketberg, Wes-Kaap.
Toedienings: Toedienings begin wanneer 70% blom kappies geval het (BBCH 67), herhaal wanneer bessies raak en tydens rypword.
Evaluasie: Na berging (28 dae (-0.5 °C)) gevolg deur 7 dae (12 °C)).
Chemiese standaard: Siprodiniel / Fludioksiel en Fenheksamied (hidrosie-anilied) program.

BioCarb-K het teen die geregistreerde dosis die persentasie ernstigheidsgraad van *Botrytis* op druiewetrosse na berging verminder in vergelyking met die onbehandelde kontrole.




Die doeltreffendheid van BioCarb-K teen verskeie dosisse, in vergelyking met 'n chemiese standaard en onbehandelde kontrole teen Poeieragtige Skimmel op druiewetrosse, uitgedruk as die gemiddelde persentasie siekte ernstigheidsgraad.

3. BioCarb-K bestuur van Poeieragtige Skimmel op Pampoengewasse

Kultivar: Botterskorsie, Atlas kultivar.
Ligging: Tulbagh, Wes-Kaap.
Toedienings: Weeklikse toedienings as 'n volle dekbespuiting (500 L/ha).
Evaluasie: Siekte ernstigheidsgraad 7 dae na die vorige toediening.
Chemiese standaard: Penkonasool en Asoksistrobien program.

BioCarb-K het teen verskillende dosisse, poeieragtige skimmel op botterskorsie onderdruk in vergelyking met die onbehandelde kontrole.



Doeltreffendheid van BioCarb-K teen verskillende dosisse, in vergelyking met 'n chemiese standaard, teen Poeieragtige Skimmel op Pampoengewas-blare, uitgedruk as die gekorrigeerde vlak van effektiwiteit in vergelyking met die onbehandelde kontrole.

Geregistreerde gebruike:

Gewas/siekte	Dosis	Toediening
Tafel- en Wyndruiwe <i>Botrytis</i> (<i>Botrytis cinerea</i>) Poeieragtige skimmel (<i>Erysiphe necator</i>)	3-6 kg/ha	<ul style="list-style-type: none">Dien toe as voldekbepuiting, maar nie tot by die punt van afloop nie.Gebruik as deel van 'n geïntegreerde siektebestuurstrategie in kombinasie met ander bestuurspraktyke.Begin voorkomende toedienings vir poeieragtige skimmel met aanvang van blom, herhaal elke 7 - 14 dae soos benodig.
Pampoengewasse Poeieragtige skimmel (<i>Sphaerotheca</i> spp., <i>Podosphaera</i> spp.)	3-6 kg/ha	<ul style="list-style-type: none">Begin voorkomende toedienings vir <i>Botrytis</i> tydens blom, en herhaal by bessie-aanraking en begin van rypwordingstadiums.Gebruik die hoër dosis met verhoogde siektedruk, plantgrootte en hoë plantdighede.Gebruik laer dosisse en langer intervalle as voorkomende maatreël onder lae siektedruk.

Beskikbaar in: 1 kg, 5 kg en 25 kg

- BioCarb-K werk die beste by 'n alkaliese tenkmengsel pH van tussen 8,2 en 8,5. 'n Buffer is nie nodig nie, behalwe in die geval van uiterste water pH-vlakke.
- Byvoeging van byvoegmiddels is nie nodig vir BioCarb-K nie, maar indien dit nodig is vir ander tenkmengselvennote, raadpleeg asseblief die areaverteenwoordiger vir versoenbare opsies.
- BioCarb-K is nie versoenbaar met produkte wat 'n suur spuitoplossing benodig nie.
- Moenie tenkmengsels met kalsium of magnesium maak nie.
- Moenie 'n finale tenkmengselkonsentrasie van 0,5% (500 g BioCarb-K / 100 L water) vir sensitiewe gewasse en variëteite oorskry nie.
- Moenie 'n finale tenkmengselkonsentrasie van 1,5% (1,5 kg BioCarb-K / 100 L water) vir geharde gewasse en variëteite oorskry nie.
- Ideale tydsberekening vir toediening is vroeg in die oggend, laatmiddag of in die aand.
- Fitotoksiteit kan onder uiterste omgewingstoestande en op plante onder stres voorkom.
- Opbou van aktief op die plant kan lei tot fitotoksiteit.
- BioCarb-K hou geen risiko vir residue op geoeste gewasse in nie.

Geregistreer, bemark en versprei deur:



Andermatt

Madumbi

Double Nickel® 55 bevat *Bacillus amyloliquefaciens* ras D747. Reg. Nr. L10053, Wet Nr. 36 van 1947. Andermatt Madumbi (Pty) Ltd, Postnet Suite 20, Privaat sak X6011, Hilton 3245, Reg. Nr. 2009/020798/07.

VRYWARING: Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie omdat die werking en effektiwiteit daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaat- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie, asook deur die metodes, tyd en akkuraatheid van toediening. Die registrasiehouer aanvaar verder nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse se groei, die omgewing of skade aan mens of dier, die gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketinstruksies te volg of as gevolg van die voorkoms van toestande wat nie in terme van registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg asseblief die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.



Andermatt

Madumbi

Healthy Food and Healthy Environment, for all



E: support@andermatt.co.za
W: www.andermatt.com